**AREA 2 – JAARVERSLAG 2025** - **ANKERVROU**

AREA 2 BESTAAN UIT:

CORNELIA – 15 LEDE

EERAM – 39 LEDE

ROADSIDE – 14 LEDE

WILGE-AAND – 6 LEDE

DIT IS VIR MY 'N VOORREG OM KORTLIKS TERUG TE KYK OP 2025 SOOS DIT DEUR ONS TAKKE BELEEF IS.

CORNELIA: 15 LEDE

HULLE VIER MET TROTS 75 JAAR. HIERDIE MYLPAAL VAN VOLGEHOUE BETROKKENHEID, TRADISIE EN 'N NALATENSKAP WAAROP GEBOU KAN WORD. DIE TAK HET GEDURENDE DIE JAAR MET 2 LEDE GEGROEI. VERSKEIE OULIKE EN KREATIEWE VERGADERINGS IS GEHOU. DIE DAMES SE KREATIWITEIT HET GEWISSEL VAN KOEKVERSIERING TOT 'N SPREKER WAT IDEES OOR 'N GESONDE LEEFSTYL GEDEEL HET. DIT HET DIE VERGADERINGS INTERESSANT EN LEERSAAM GEMAAK. TWEE WERKSWINKELS IS AANGEBIED NAAMLIK PRESERVERING EN TEESAKKIEKUNS. HIERDIE WERKSWINKELS HET DIE LEDE GEïNSPIREER OM DEEL TE NEEM AAN KOMPETISIES. POTTERBAKKER WERKSWINKIEL IS OP ROADSIDE BYGEWOON. FONDSINSAMELINGS IS GEHOU. HULLE BEDERF OOK 'N BEHOEFTIGE MATRIEK DOGTER OM HAAR DROOM MATRIEKAFSKEID TE Hê.

EERAM:

2025 HET VIR EERAM VLU 'N JAAR VAN INTERESSANTE EN LEERSAME VERGADERINGS INGEHOU. TYDENS DIE PAK JOU TAS VERGADERING IS VESKEIE FAKTORE BESPREEK WAT 'N ROL SPEEL WANNEER VAKANSIES BEPLAN WORD. JANINE ENSLIN 'N ARBEIDSTERAPEUT EN LID VAN EERAM HET 'N BREë OORSIG GEGEE OOR ARBEIDSTERAPIE EN DIE BELANGRIKE ROL WAT DIT IN GESONDHEID SPEEL, MET DIE FOKUS OP DIE BALANS TUSSEN LIGGAAM, SIEL EN GEES. NELIA THERON OOK 'N LID EN APTEKER, HET WAARDEVOLLE WENKE GEDEEL OOR NOODSAAKLIKE ITEMS WAT IN ELKE MEDISYNEKASSIE BEHOORT

TE WEES. HULLE BESOEK MONN MATFABRIEK OP HARRISMITH EN KYK MET ANDER Oë NA MATTE. VIR DIE JAARAFSLUITING HET DIE LEDE DIE NAT PAAIE MET 4X4 VOERTUIE AANGEDURF VIR 'N ONVERGEETLIKE SAFARI ETE EN VAN PLAAS TOT PLAAS SAAM GEKUIER.

ROADSIDE:

ROADSIDE IS 'N WARE OMGEE TAK. DIE LEDE HET 50 MUSSIES VIR PREMATURE BABAS GEBREI EN DIT AAN VERSKEIE HOSPITALE UITGEDEEL 'N KLEIN GEBAAR MET 'N GROOT HART. HULLE HET OOK 'N BAIE GESLAAGDE KANSA-STAP AANGEBIED WAARAAN MENSE, HONDE EN SELFS PERDE DEELGENEEM HET. DANKSY HIERDIE INISIATIEF IS 'N BEDRAG VAN R6000 AAN KANSA OORBETAAL. VERDER HET HULLE AVONDVREDE OUETEHUIS OP VREDE BEDERF MET HEERLIKE EETGOED EN SPESIALE MUSIEKVERMAAK, WAAR NOSTALGIESE KLANKE UIT DIE GRAMMEFOON GROOT VREUGDE GEBRING HET.

WILGE AAND:

WILGE AAND IS BESONDERSE LOJAAL TEENOOR DIE VLU EN KOM SELF SATERDAEMIDDAE BYEEN VIR VERGADERINGS. TYDENS DIE VERGADERINGS WORD VERSKEIE STUDIERIGTINGS BEHANDEL. DIE LEDE GENIET PRAKTIESE DEMONSTRASIES EN WERKSWINKELS, WAT HUL KREATIWITEIT ONTWIKKEL. MET 'N LEERGIERIGE INGESTELTHEID IS WILGE AAND GRETIG OM NUWE VAARDIGHEDE AAN TE LEER.